
# 185 Hoor, Heer, ons aandgebede!




Ons lê voor U ons sorge,
en alles wat verborge
swaar op ons harte druk.
O, Bron van heil en lewe,
wat al ons skuld vergewe,
U gee ons vrede en geluk.

Bedek ons met u vlerke,
o, God, Getroue, Sterke,
hou vaderlik die wag;
ons sluit getroos ons oë,
ons ken u alvermoë:
U waak oor ons die hele nag.

Paul Gerhardt (1607-76) H. Isaac ca. 1450-1517)